Pasop vir jaloesie!

Instruksies: Doen hierdie aktiwiteit op ’n stil plek. Terwyl jy die tekste lees, kan jy jou voorstel dat jy ’n bystander is wat toekyk terwyl die gebeure afspeel. Visualiseer die toneel. Hoor die stemme. Ervaar die emosies van die karakters. Leef jou in die verslag in.
Hoofkarakters: Mirjam, Aäron, Moses
Opsomming: Mirjam en Aäron kla uit jaloesie oor hulle broer, Moses.

1 DINK NA OOR DIE TONEEL.—LEES NUMERI 12:1-15.

Hoe dink jy het die drie karakters in hierdie verslag gelyk?

Mirjam: _____

Aäron: _____

Moses: _____

Met watter stemtoon dink jy het Mirjam en Aäron die woorde in vers 2 gesê?

_____

Stel jou voor hoe “die wolkkolom” gelyk het en hoe Jehovah se stem geklink het toe hy Mirjam en Aäron tereggewys het. Beskryf wat jy “sien” en “hoor”. (*Lees weer Numeri 12:5-9.*)

_____

Watter emosies hoor jy in Aäron en Moses se stemme wanneer hulle in verse 11-13 vir Mirjam pleit?

_____

2 DELF DIEPER.

Wie van Mirjam, Aäron en Moses was die jongste? Watter uitwerking dink jy het dit dalk gehad op die manier waarop Mirjam en Aäron met hulle broer gepraat het? (Lees Eksodus 2:1-4, 10; 7:7.)

_____

Waarom het Mirjam en Aäron gevra: “Het [Jehovah] nie ook deur ons gepraat nie?” (Leidraad: Lees Eksodus 15:20, 21; 28:1-3.)

_____

Waarom het Jehovah so kwaad geword vir Mirjam en Aäron? (Lees Numeri 12:7, 8.)

_____

www.jw.org/af © 2013 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania

Wat beïndruk jou oor die manier waarop Moses op onregverdige kritiek gereageer het?

3 PAS TOE WAT JY GELEER HET.

Skryf neer wat jy geleer het oor . . .

Die gevaar van jaloesie.

Hoe om op onregverdige kritiek te reageer.

4 VRA JOU AF.

Hoe kan ek in die strik van jaloesie trap?

Hoe kan ek op 'n sagmoedige en liefdevolle wyse op kritiek reageer?

Watter les uit hierdie verslag is vir my die belangrikste, en waarom?

Voorstel: Lees hierdie verslag hardop saam met vriende of gesinslede. Een persoon kan die vertelling lees. Ander kan Mirjam, Aäron, Moses en Jehovah se woorde lees.

Laai hierdie PDF af by www.jw.org/af en druk 'n kopie daarvan

www.jw.org/af © 2013 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania